

**24 November**

**Seun van Dawid**

**Skrifgedeelte: Psalm 78:40-72**

**Fokusgedeelte: Psalm 78:68-72**

Ons lees hier van die Here se genade en trou aan Israel, die volk se afvalligheid en ontrouheid, en dan weer van die uitredding wat die Here gee. Die Here begin telkens maar weer met sy volk. Die geskiedenis word hier vanaf die uittog uit Egipte tot met die verkiesing van Dawid as koning vertel. Die geskiedenis van die Here se trou en die volk se ontrou loop uit op Dawid wat as koning deur die Here geroep word.

Die digter laat die klem op die roeping van Dawid val. Hy vermeld dat Dawid 'n goeie koning was (vs 72) – hy was soos 'n herder. Daaruit blyk die trou van die Here teenoor sy volk. Hy het aan hierdie opstandige, ongehoorsame volk 'n goeie koning gegee. Só het die Here opnuut met sy volk begin.

Maar onder die konings wat ná Dawid geheers het, was daar maar weer afvalligheid. By die profete het daar 'n visie gekom dat daar 'n koninklike Herder uit die huis van Israel sal kom (Eseg 34:24; 37:25; Miga 5:1). Hy sou die hoop van God se volk wees. Hierdie hoop is vervul in Jesus Christus, die groot Seun van Dawid (Matt 2:6; Joh 10:11; Openb 7:17).

Daarom het hierdie Psalm ook profetiese betekenis. Dit roep na die Seun van Dawid wat ook vir ons ontrouheid en sonde sou intree en die Goeie Herder is.

*Sing: Skrifberyming 2:1*

*Dr. F van der Walt (Emeritus)*